



Edition 79  
Afrikaans, English

It starts with a story...

## Story Power: The good news

We all know that stories play an important role in our lives. And, if you read and tell stories with children regularly, you'll also know how enjoyable and satisfying you all find this. But did you know that children get lots of other benefits from reading and listening to stories? Here are 10 important things about the power of stories that we'd like to share with you.

### Die goeie nuus oor stories

Ons weet almal stories speel 'n belangrike rol in ons lewens. En as jy gereeld vir kinders lees en stories vertel, weet jy ook hoe genotvol en bevredigend dit vir julle almal is. Maar het jy geweet daar is baie ander voordele vir kinders wat na stories luister wat vir hulle gelees en vertel word? Hier volg 10 belangrike dinge oor die mag van stories wat ons graag met jou wil deel.

# 1

**Reading aloud with children is known to be the single most important activity for building the knowledge and skills they will eventually need for learning to read.**

Om hardop vir kinders te lees is dié belangrikste aktiwiteit om die kennis en vaardighede te bou wat hulle uiteindelik nodig sal hê om te leer lees.

# 2

**Just 15 minutes of reading to your children each day can expose them to one million written words in a year!**

As jy elke dag net 15 minute vir jou kinders lees, kan dit hulle aan een miljoen geskrewe woord per jaar blootstel!

# 3

**Research shows that children who are read to at home before they begin school, are more likely to be successful at school.**

Navorsing toon dat kinders vir wie daar by die huis gelees word voordat hulle skool toe gaan, meer waarskynlik sukses sal behaal op skool.

# 4

**Storytelling and reading expose children to a special form of language which is rich and complex. It deepens their knowledge of language and how we use it, and offers them new ways of expressing themselves.**

Die vertel en lees van stories stel kinders bloot aan 'n spesiale vorm van taal wat ryk en kompleks is. Dit verdiep hulle kennis van taal en hoe ons dit gebruik, en bied aan hulle nuwe maniere om hulself uit te druk.

# 5

**By the time children are two years old, they have learnt 75% of what they will learn in their lifetime. So, whether your baby is chewing on a board book or your toddler wants you to tell the same story over and over again, when you read and tell stories, your children are gaining essential knowledge about language and stories that will also benefit them later.**

Teen die tyd dat kinders twee jaar oud is, het hulle reeds 75% geleer van dit wat hulle in hul leeftyd sal leer. So, of jou baba nou aan 'n kartonboek koug, of jou kleuter wil hê jy moet dieselfde storie weer en weer vertel, dit bly waar dat wanneer julle stories lees en vertel, doen jou kinders noodsaaklike kennis oor taal en stories op waarby hulle ook later sal baat.

# 6

**Children are more likely to continue to be readers in homes where books and reading are valued.**

Kinders is meer geneig om lesers te bly in huise waar boeke en lees na waarde geskat word.

# 7

**When stories and reading feel good to children, they become readers. We all repeat things that are pleasurable.**

Wanneer stories en lees vir kinders goed voel, word hulle lesers. 'n Mens herhaal dinge wat vir jou genotvol is.

# 8

**Children who read a lot instead of watching television, can concentrate for longer.**

Kinders wat baie lees, in plaas daarvan om televisie te kyk, kan langer konsentreer.

# 9

**Children who hear stories, whether the stories are told or read, are the first to form abstract concepts in different subjects at school. In other words, listening to stories makes you more brainy!**

Kinders wat stories hoor, of die stories nou vertel of gelees word, sal eerste abstrakte konsepte vorm in verskillende vakke op skool. Met ander woorde om na stories te luister, maak jou slimmer!

# 10

**The children of parents and caregivers who believe that reading is something you do for pleasure, will have more positive views about reading than those whose parents only think of reading as a set of skills.**

Die kinders van ouers en versorgers wat glo dat lees iets is wat jy vir plesier doen, sal meer positiewe sienings oor lees hê as daardie kinders wie se ouers dink dat lees slegs 'n stel vaardighede is.

**INSIDE** Win a R100 gift card from Jet!  
**BINNE** Wen 'n R100- geskenkbewys van Jet!



Drive your imagination

Story Power. Bring it home. Bring dit huis toe.





## The Nal'ibali bookshelf

Famous South African storyteller, Gcina Mhlophe, celebrates her birthday in October and we'd like to celebrate her amazing talent for sharing stories by telling you about three of her storybooks.

*Our Story Magic* and *Stories of Africa* (University of KwaZulu-Natal Press) are both collections of wonderfully told and beautifully illustrated traditional African folk tales. These stories are great for reading aloud to groups of children, but work just as well as stories for sharing at home with your own children. Both books are available in English, and *Stories of Africa* is also available as audio stories on CD in Xhosa, Zulu and English.

Let your children journey with young Zoleka in *Hi, Zoleka!* as she prepares to recite a verse from the Bible in front of the whole church on Palm Sunday! Will she remember all the words? This storybook is available in English, Afrikaans, Xhosa and Zulu.

## Die Nal'ibali-boekrak

Bekende Suid-Afrikaanse storieverteller, Gcina Mhlophe, vier in Oktober haar verjaardag. Ons wil graag haar wonderlike talent om stories te deel, vier deur jou van drie van haar storieboeke te vertel.

*Our Story Magic* en *Stories of Africa* (University of KwaZulu-Natal Press) is albei bundels met tradisionele volksverhale uit Afrika wat wonderlik vertel en pragtig geïllustreer is. Hierdie stories is uitstekend om hardop vir groepe kinders te lees, maar werk net so goed as stories om tuis met jou eie kinders te deel. Albei boeke is in Engels beskikbaar en *Stories of Africa* is ook as audioverhale op CD in isiXhosa, isiZulu en Engels beskikbaar.

Laat jou kinders saam met jong Zoleka reis in *Haai, Zoleka!* terwyl sy voorberei om op Palmsondag 'n Bybelvers voor die hele gemeente voor te dra! Sal sy al die woorde onthou? Hierdie storieboek is in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu beskikbaar.



### Know your Nal'ibali characters

All the Nal'ibali characters use reading and writing as part of their everyday lives. Do you? Read about how Dintle experiences the power of stories and books and then enter the competition to win a gift card from Jet!

Dintle is the baby of the Nal'ibali family! Although she is only 9 months old, she already loves books and gets very excited when her mother reads to her every day after breakfast.



### Ken jou Nal'ibali-karakters

Al die Nal'ibali-karakters gebruik lees en skryf as deel van hulle daaglikse lewens. Doen jy dit ook? Lees hoe Dintle die mag van stories en boeke ervaar en skryf dan in vir die kompetisie om 'n geskenkbewys van Jet te wen!

Dintle is die baba van die Nal'ibali-familie! Al is sy net 9 maande oud, hou sy reeds baie van boeke en sy raak baie opgewonde wanneer haar ma elke dag na ontbyt vir haar lees.

## Win! Wen!

To stand a chance of winning one of four Jet Gift Cards worth R100 each, send us the word "Dintle" and tell us how old children should be when you start reading to them. Email your answer to [letters@nalibali.org](mailto:letters@nalibali.org), or SMS it to 32545 (standard data rates apply). Competition closes on 13 November 2014.

Om in aanmerking te kom vir een van ons vier Jet-geskenkbewyse ter waarde van R100 elk, stuur vir ons die woord "Dintle" en sê vir ons hoe oud kinders moet wees voordat jy vir hulle begin lees. Stuur jou antwoord per e-pos aan [letters@nalibali.org](mailto:letters@nalibali.org), of stuur 'n SMS na 32545 (standaard datatariewe geld). Kompetisie sluit op 13 November 2014.



**Clue:** Visit the "Reading & storytelling tips" section on the Nal'ibali website to find the answer.

Go to: [http://nalibali.org/reading\\_story\\_topics/when-you-should-start-reading/](http://nalibali.org/reading_story_topics/when-you-should-start-reading/)

**Leidraad:** Gaan na die "Reading & storytelling tips"-afdeling op die Nal'ibali-webwerf om die antwoord te vind. Gaan na: [http://nalibali.org/reading\\_story\\_topics/when-you-should-start-reading/](http://nalibali.org/reading_story_topics/when-you-should-start-reading/)

Terms and conditions: To enter, you must be 16 years or older. Employees of PRAESA are not eligible to enter. Bepalings en voorwaardes: Om in te skryf moet jy 16 jaar of ouer wees. Werknemers van PRAESA mag nie inskryf nie.

### Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

### Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Kom terug, Kat! Wat het jy daar?



Come back, Cat! What have you got?

Kom terug, Kat! Dis nie joune nie.



Come back, Cat! That's not yours.

Fold

We believe every child should own a hundred books by the age of five.

Become a book-sponsor and help change the world.

Get involved at [bookdash.org](http://bookdash.org)



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Come back, Cat!  
Kom terug, Kat!




Karen Lilje Nicola Rijsdijk  
Sam Scarborough

Fold



Come back, Cat! Play with me.  
 Kom terug, Kat! Kom speel met my.



Come back, Cat!  
 Kom terug, Kat!

That's not your friend!  
Hy's nie jou maat nie!



Cat?  
Kat?



Sit in your basket. Stay right here!  
Sit in jou mandjie. Bly net hier!

Come back, Cat! Don't go outside.  
Kom terug, Kat! Moenie buitentoe  
gaan nie.



Hello, Cat! Are you back?  
Hallo, Kat! Is jy weer hier?

Fold



Come back, Cat! That's way  
too high.  
Kom terug, Kat! Jy's  
heeltemal te hoog.

Fold 6



Stay in your basket. It's nap  
time now.  
Bly in jou mandjie.  
Dis slapenstyd.



## Get story active!

You can share *Come back, Cat!* with your children in different ways. As you read the story, draw their attention to the details in the illustrations by commenting on them or asking questions such as the following.

- ✿ **page 4:** What do you think the cat is doing?
- ✿ **pages 6 and 7:** What is the cat doing? Do you think he is enjoying himself?
- ✿ **page 8:** Oh dear! What a naughty cat! What is he doing now?
- ✿ **page 9:** (Point to the cat's tail.) Look! He's still got the wool from the sock wrapped around his tail.
- ✿ **page 12:** Look at all those feathers! Who do you think they belong to?
- ✿ **page 15:** What is the cat doing now? Why do you think he is so tired?

Here are some ideas for after you have read the story.

- ✿ Let older children read the book in their mother-tongue first and then in the other language of the supplement.
- ✿ Suggest that your children create their own stories based on this story, but using another animal as the main character, for example, *Come back, Frog!* Let them draw the pictures and write the words for their "new" stories.



## Raak doenig met stories!

Jy kan *Kom terug, Kat!* op verskillende maniere met jou kinders deel. Terwyl jy die storie lees, vestig hulle aandag op die besonderhede in die illustrasies deur daarop kommentaar te lewer of vrae soos die volgende te vra.

- ✿ **bladsy 4:** Wat dink jy doen die kat?
- ✿ **bladsye 6 en 7:** Wat doen die kat? Dink jy hy geniet dit?
- ✿ **bladsy 8:** O, toggie! Wat 'n stoute kat! Wat doen hy nou?
- ✿ **bladsy 9:** (Wys na die kat se stert.) Kyk! Die wol van die sokkie is nog om sy stert gedraai.
- ✿ **bladsy 12:** Kyk al daardie vere! Aan wie dink jy behoort hulle?
- ✿ **bladsy 15:** Wat doen die kat nou? Hoekom dink jy is hy so moeg?

Hier volg 'n paar idees wat jy kan probeer nadat julle die storie gelees het.

- ✿ Laat ouer kinders die boek eers in hulle moedertaal lees en dan in die ander taal van die bylae.
- ✿ Stel voor dat jou kinders hulle eie stories opmaak wat op hierdie storie gebaseer is, maar deur 'n ander dier as die hoofkarakter te gebruik, byvoorbeeld, *Kom terug, Padda!* Laat hulle die prente teken en die woorde vir hulle "nuwe" stories skryf.

## Reading club corner

Are you looking for a focus for each of your reading club sessions in November? Choose from the dates below and then plan activities around it or try some of the ones suggested below.

**November International Picture Book Month** Let the children act out the story of their favourite picture book.


**13 November World Kindness Day** Encourage children who can already read to read a story to a child not yet able to read for themselves.

**15 November Children's Grief Awareness Day** Suggest that the children write a story or poem (or draw a picture) about something sad that has happened in their lives. Visit the Nal'ibali "Recommended reads" section at [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) for our list of recommended reads to help children dealing with grief, loss and illness.

**16 November International Day of Tolerance** Share a story you know that demonstrates how important it is for all of us to be understanding and tolerant of others, especially those we do not necessarily agree with.

**21 November World Hello Day** Let the children make and decorate your reading club space with "hello" posters. Encourage them to write and decorate this greeting in all of South Africa's official languages as well as other languages spoken by the children at your club.

**28 November Buy Nothing Day** Suggest that the children make their own storybooks that they can read to others.



**How have books and stories shaped your life and your children's lives?** Have they helped you to explain a difficult situation to your child? Or has discovering a favourite story encouraged your children to read and helped improve their reading at school? Tell us on Facebook ([www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)), or Twitter ([www.twitter.com/nalibaliSA](http://www.twitter.com/nalibaliSA)) using the hashtag #StoryPower, or email us at [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org) and we could feature how stories have made an impact on your life!

## Leesklubhoekie

Is jy op soek na 'n fokus vir elkeen van jou leesklubsessies in November? Kies uit die datums hieronder en beplan dan die aktiwiteite rondom dit, of probeer van die voorstelle hieronder.

**November Internasionale Prentboekmaand** Laat die kinders die storie van hulle gunsteling-prentboek opvoer.

**13 November Wêrelddag vir Goedhartigheid** Moedig kinders wat reeds kan lees aan om 'n storie vir 'n kind te lees wat nog nie self kan lees nie.

**15 November Kindersmart-bewusmakingsdag** Stel voor dat die kinders 'n storie of gedig skryf (of 'n prent teken) oor 'n hartseer ding wat in hulle lewens gebeur het. Gaan na Nal'ibali se "Recommended reads"-afdeling by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) vir ons lys aanbevole leesstof om kinders te help om smart, verlies en siekte te hanteer.

**16 November Internasionale Verdraagsaamheidsdag** Deel 'n storie met jou kinders wat wys hoe belangrik dit vir ons almal is om begrip te hê vir ander en om verdraagsaam te wees teenoor ander, veral dié met wie ons nie noodwendig saamstem nie.

**21 November Wêreld-Hallo-dag** Laat die kinders "hallo"-plakkate maak en jou leesklubruimte daarmee versier. Moedig hulle aan om hul groetvorme te versier en dit in al Suid-Afrika se amptelike tale te skryf. Hulle kan dit ook in enige ander tale skryf wat deur kinders by jou klub gepraat word.

**28 November Koop-niks-dag** Stel voor dat die kinders hulle eie storieboeke maak wat hulle vir ander kan lees.

**Hoe het boeke en stories jou lewe en jou kinders se lewens beïnvloed?**

Het hulle jou gehelp om 'n moeilike situasie aan jou kind te verduidelik? Of het 'n gunstelingstorie jou kinders aangemoedig om te lees en hulle gehelp om beter te lees by die skool? Vertel vir ons op Facebook ([www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)), of Twitter ([www.twitter.com/nalibaliSA](http://www.twitter.com/nalibaliSA)) deur die hutsmerker #StoryPower te gebruik, of stuur vir ons 'n e-pos by [info@nalibali.org](mailto:info@nalibali.org) en ons kan moontlik in die bylae sê hoe stories 'n impak op jou lewe gemaak het!



## Story corner

Here is the final part of the story about the old woman who asked for help when trying to get her pig home before night time.

### The old woman and her pig (Part 2)

Retold by Wendy Hartmann

By now the old woman was getting angry – no one would help her! So she took a rope out of her pocket and said, "Rope, Rope, please tie up the butcher. The butcher won't take the ox away. The ox won't drink the water. The water won't splash the dog. The dog won't chase the pig. The pig won't get over the fence, and I see the moonlight. The pig and I should have been home hours ago!"

But the rope would not tie up the butcher.

Just then a mouse ran across the field, and the old woman called, "Mouse, Mouse, please chew the rope. The rope won't tie up the butcher. The butcher won't take the ox. The ox won't drink the water. The water won't splash the dog. The dog won't chase the pig. The pig won't get over the fence and the moon is already high in the sky. The pig and I should be getting ready for bed by now."

The mouse stopped. He looked at the old woman. "Yes," said the mouse, "I will chew the rope, if you will give me some cheese."

So the old woman put her hand deep into her pocket, felt around a bit and then pulled out a tiny piece of cheese which she gave to the mouse. And when the mouse had eaten the cheese, it began to nibble at the rope; the rope began to tie up the butcher; the butcher began to lead the ox; the ox began to drink the water; the water began to splash the dog; the dog began to chase the pig and ... the pig jumped over the fence.

The old woman gave a big sigh and walked home. "At last," she said.

What time did she and her pig get home? Nobody knows. But if this old woman lives near you and you do know, please tell us.

**Tell us if you liked the story, *The old woman and her pig* – SMS "Bookmark" with your name and your comments to 32545. R1,00 per SMS.**



Illustration by Jiggs Snaddon-Wood  
Illustrasie deur Jiggs Snaddon-Wood

## Storiehoekie

Hier volg die laaste deel van die storie oor die ou vrou wat hulp gevra het om haar vark voor donker by die huis te kry.

### Die ou vrou en haar vark (Deel 2)

Oorvertel deur Wendy Hartmann

Teen hierdie tyd is die ou vrou al besig om kwaad te raak – niemand wil haar help nie! Sy haal toe 'n stuk tou uit haar sak en sê: "Tou, Tou, bind asseblief die slagter vas. Die slagter wil nie die os vat nie. Die os wil nie die water drink nie. Die water wil nie die hond natspat nie. Die hond wil nie die vark jaag nie. Die vark wil nie oor die heining spring nie, en ek sien reeds die maanlig. Ek en die vark moes ure gelede al by die huis gewees het!"

Maar die tou wil nie die slagter vasbind nie.

Net toe skarrel 'n muis oor die veld, en die ou vrou roep: "Muis, Muis, kou asseblief hierdie tou. Die tou wil nie die slagter vasbind nie. Die slagter wil nie die os vat nie. Die os wil nie die water drink nie. Die water wil nie die hond natspat nie. Die hond wil nie die vark jaag nie. Die vark

wil nie oor die heining spring nie, en die maan sit al hoog. Ek en die vark moet nou al regmaak om te gaan slaap."

Die muis gaan staan. Hy kyk na die ou vrou. "Ja," sê die muis, "ek sal die tou kou, as jy vir my 'n stukkie kaas gee."

Die ou vrou sit haar hand diep in haar sak, en haal 'n klein stukkie kaas uit, wat sy vir

die muis gee. En toe die muis die kaas geëet het, begin hy aan die tou knaag; die tou begin die slagter vasbind; die slagter begin die os weglei; die os begin die water drink; die water begin die hond natspat; die hond begin die vark jaag en ... die vark spring oor die heining.

Die ou vrou sug diep en stap huis toe. "Uiteindelik," sê sy.

Hoe laat het sy en haar vark by die huis gekom? Niemand weet nie. Maar as hierdie ou vrou naby jou woon, en jy weet, vertel asseblief vir ons.

**Vertel vir ons of julle van die storie, *Die ou vrou en haar vark*, gehou het – SMS "Bookmark" met jou naam en kommentaar aan 32545. R1,00 per SMS.**